

VRYSTAAT LANDBOU NUUSBRIEF



VEILIGHEID IN DIE VRYSTAAT

Mielie- en veediefstal vier hoogty in die Vrystaat.

Dit is volgens dr Jane Buys, veiligheidsrisiko-analis van Vrystaat Landbou. Buys noem dat van die boere in geteikende areas tot soveel as R100 000 per maand vir sekuriteitswagte betaal om hul mielieplantasies op te pas en te probeer beskerm teen die geweldige ontploffing van kriminaliteit. Buys meen dié addisionele veiligheidsuitgawes, tesame met verhoogde insetkoste, kan voedselsekerheid definitief in die wiele ry. [Lees meer](#)

Dit wil ook voorkom asof daar 'n toename in veediefstal is waar groot getalle vee op een slag vanaf plase gesteel word. Baie van die insidente vind gedurende nagtelike ure plaas. VL versoek boere om so vining as moontlik die misdaad te rapporteer of aan hul veiligheidsvertegenwoordigers deur te gee vir sirkulasie op die nodige veiligheidsgroepe. Meld die brandmark/tatoeërmerk! Heelwat vee word op die manier teruggevind. Boere word ook versoek om nie persone in diens te neem wat oor 'n kriminele rekord beskik nie aangesien daar al in heelwat gevalle gevind is dat vertrouelinge op plase moontlik by die pleeg van dié tipe misdaad betrokke is.

Boere betaal soveel as R100 000 per maand vir sekuriteitswagte om hul mielielende te bewaak. - Dr. Jane Buys



ARBEIDSAKE VIR LANDBOU

Vergoedingsfonds: Sub-klasse

Werkgewers in die landbou moet by die Vergoedingsfonds geregistreer wees om alle werkers, insluitend seisoenwerkers, teen werksbeserings te dek.

Vier subklasse is op die landbou van toepassing en elke subklas het sy eie tarief. Lees meer

Vir hulp in die administrasie van werksbeserings kan Stephan gekontak word by 064 360 2638 of support@workaccident.co.za

Pasop vir 'kamma' inspekteurs!

Regmatige inspekteurs kan aan hul inspekteur identifikasiekaart, wat die Departementele logo bevat geïdentifiseer word, asook aan die uniform wat die inspekteur dra.

Werkgewers moet waaksaam wees en enige verdagte besoeke of versoeke aan die SAPD of die Departement van Indiensneming en Arbeid se plaaslike kantore rapporteer.

Diensverskaffers

VL wil graag vir ons lede meer waarde toevoeg.

Daarom is 'n platform op ons webtuiste geskep waar instansies/maatskappye wat produkte en / of dienste relevant tot landbouers bied, kan registreer.

Stuur gerus voorstelle van instansies by wie u sal wil koop na elana@vslandbou.co.za

[Kliek hier](#)

Belangrike dokumente vir lede:

- Die 2022 Minimum loon berekening (gebruik u VL-lidnommer om in te teken)
- Vrystaat Landbou lidmaatskap kategorieë (gebruik u VL-lidnommer om in te teken)



VL KONFERENSIE

Landbou in 'n veranderde politieke en ekonomiese omgewing

Vrystaat Landbou bied op **12 April 2022** 'n konferensie aan en nooi belangstellendes uit om die geleentheid gratis by te woon.

Dr Frans Cronje, voormalige hoof uitvoerende beampte van die IRR, en Dawie Roodt, direkteur en hoofekonoom van die Effiecient Groep, is die gassprekers.

Die wenner van die Landbouvereniging van die Jaar Kompetisie 2021, sal ook bekend gemaak word.

Registreer by [Cynthia Troost](#) voor/ op 4 April of skakel 051 444 4609.

Jongboer Konferensie - 7 April 2022

Vrystaat Landbou se Jongboer Konferensie belooft om vanjaar elke jongboer met positieweiteit en entoesiasme te vul.

Die bekende motiveringspreker, Dr Gustav Gous, gaan die gehoor op die punte van hul stoele hou!

Bespreek jou plek by cynthia@vslanbou.co.za of kontak elize@vslanbou.co.za

Onteining

Die nuwe onteieningswetsontwerp sal eiendomsreg in geheel ondermyn. Die wetsontwerp is tans die fokus van die groter gronddebat, terwyl voedselsekerheid 'n groeiende krisis gaan raak. - Francois Wilken

[Lees meer](#)